Die Knoppie

Gereformeerde kerk Pretoria(d)
www.gkpretoria.org.za OF
www.gk-pretoria.weebly.com
Kerkkantoor Sr. Amanda Tromp
0123262290 (8h00-13h00 Weeksdae)
E-pos: kantoor@gkpretoria.org.za Faks:0123265287
Skriba:Oudl. Andries du Plessis 0123268154
Koster en attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar
012- 3233194
Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745
Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106
Voorsitter diakonie-Diak Henry Foster 0823772108
Orrelis (aflos)- Br. Jaco Viljoen (0765546527)

14 Desember 2014

EERSTE EREDIENS–(9h00)
Skriflesing: Johannes 5:1-15
Teks: Johannes 5:7
Sing: Ps. 100:1,4; Ps. 31:1,17; Ps. 102:3,4; Ps. 145:5,11,12

HERE EK HET NIEMAND

Bethesda wat eerder Bethzata (skeiding/ kloof) moes heet. So baie dinge wat die man in hierdie skeiding (kloof) geplaas het. Hoeveel kan ons onderskei? Die "gesondheidslotto" wat hom bly parte speel.

Die Here werk egter nie net lotsbepalend nie maar lotsbeslissend.

KATKISASIE– Katkisasie het reeds vir die jaar afgesluit

TWEEDE EREDIENS–(10h30)
Skriflesing: Genesis 3:9-20; Spreuke 30:1-9
Teks: Genesis 3:19a, Spreuke 30:7-9
Kategismus: Sondag 50
Sing: Ps 107:1,4; Ps 138:1,2; Ps 68:5,9

GEE ONS VANDAG ONS DAAGLIKSE BROOD

Die gebed om genoeg en die gebed om balans. So moes ons in 2014 ook gebid het. Is dit u gebed vir 2015?

EREDIENS OP GELOFTEDAG
(Dinsdag– 9h00)
Skriflesing: Rigters 7:1-8; 16-21
Teks: Rigters 7:20-21
Sing: Ps. 131:1,3; Ps. 92:3; Ps.33:6;

DIE OORLOG VAN DIE KRUIKE

Die oorlog mat 'n basuin in die een hand en 'n kruik met 'n fakkel daarbinne in die ander hand. Die kruik moet breek...

Preke vanuit verskillende Bybelboeke kan elektronies afgelaai word by http://bit.ly/XmtQM2
Eredienste in klank kan geluister word http://bit.ly/Tettol
Ds. Petrus is betrokke by 'n Psalm projek, om soveel as moontlik preke oor die Psalms uit te gee. Bekend as Bruilofsliedere vir die Messias. Die preke oor die Psalms wat reeds beskikbaar is, kan gelees word by http://bit.ly/12P9mzH

Predikant:
Ds. Petrus Venter
012– 3356130
0847042348 (P) 0845119620(C)
pjventer@gkpretoria.org.za
9 de Laan 880
Wonderboom-Suid
www.gk-pretoria.weebly.com

Diensbeurt vandag Wyke 10 en 11(sluit in susters skinkbeurt)
Ouderlinge: Ulbe de Ronde en Albert Schmidt
Diakens: Henry Foster en Stephan du Plessis
Diensbeurt (16/12) (Wyke 12 en 14)
Ouderlinge: Boere Smith en Flip Minnaar
Diakens: Bernard Vorster
Diensbeurt (21/12) (Wyke 16 en 17)
Ouderlinge: Rudolf Bester en Frank Laubscher
Diakens Abrie Möller en Adrianus Coertze

DRA *MEKAAR* SE LASTE EN DEEL *MEKAAR* SE VREUGDES... .

Br Dawie de Bruin het vanaf 'n leer geval en moes in skouer geopereer word. Ons bid hom volkome herstel toe in die weke wat voorlê.
Br Dries de Ridder word aan die genadetroon van die Here opgedra. Sy liggaamskragte is nie baie nie. Ons dink ook aan **br Willie Buys** wie se gesondheid hom swaar dae laat beleef. So bly ook **ds. Andries Mulder** in ons gebede. Medegelowiges wat lank reeds met hulle gesondheid worstel word nie vergeet nie.
Susters Cora Kruger, Anna Eloff en Rina Aucamp.

KOEKIES

Die koekies wat ons elke jaar ook met groot sorg en liefde vir ons ouer lidmate bak is gereed. Groot dank aan almal wat daarmee gehelp, bygedra en afgerond het. Ons glo dit word opreg waardeer. Alle lidmate 70 jaar en ouer kan dan hulle pakkie koekies tussen die twee eredienste in die **kombuis** kom afhaal.

GELOFTEDAG

Hier word Dinsdag om 9h00 weer uit ons kerkgebou op Geloftedag 'n erediens gehou. Die Gelofte in ons geslagte gebind roep ons daartoe op om dit na te kom. Mag dit vir u ook 'n saak van blydskap en eer wees om so die gelofte gestand te doen

RADIO PRETORIA
Erediens opgeneem

Volgende Sondag 21 Desember wil Radio Pretoria ons erediens opneem vir uitsending op 28 Desember. Ons besef baie het met vakansie vertrek, daarom soveel te meer die versoek dat ons wat volgende Sondag die erediens kan bywoon in besonder aandag daaraan sal gee om kerk-toe te kom.

KOSTER MET VERLOF

Br Flip Minnaar is tans met verlof weg. As daar enige dringende koster-sake is, kan u met sr Amanda Tromp (in kantoor) skakel wat in sy plek aflos.

KOLLEKTE

Vandag: **1ste diens**	DVB	Instand-houding
2de diens	DVB	Instand-houding
21/12/2014 **1ste diens**	DVB	Instand-houding
2de diens	DVB	Instand-houding

DAGBOEK

DATUM	GEBEURTENIS
10/12	Skole sluit
16/12	Geloftedag (Samekoms by kerk 9h00)
21/12	Radio Pretoria Erediensopname
25/12	Kersdag (Erediens 9h00)
14/01/15	Skole heropen
20/01	Finans– Adviesvergd
22/01	Kerkraadsvergd

JAARKALENDERS IS GEREED

Ons kalenders met ons jaarbeplanning vir 2015 is gereed. Ons vra dat u sovêr moontlik u kalenders in konsistorie kom afhaal. Skryf asseblief net u naam op as u een neem. U moet ook daarop let dat ons die wyke se nommers numeries herstel het. Maak asb.by u ouderling seker as u sou twyfel of u wyk nommer wel verander het.

SPREUKE

Vervolg van verlede week

SPREUKE 3:35

3:35. Eer . . . skande – Die uitkoms van alle dinge: aan die een kant staan die *glorie*, die heerlikheid wat wag op die gelowiges (wyses). Die skande wat oor die gelowiges kom is `n ewige smaad oor die dinge waarop hulle hul beroem het.

SPREUKE 4

Die artikel van Totius oor ***Wysheid,*** *wat in Die Kerkblad van 3 Des 1943 geplaas was, word deur my verdeel in die behandeling van die verskillende hoofstukke van Spreuke. Ons behandel die verse waarna Totius verwys het, soos ons met die behandeling van die boek vorder. Om die artikel as geheel te lees: dit word gevind in Boek 1, bl 456 ev in die Versamelde Werke van die skrywer. Na* ***hoofstuk 4*** *is daar nie `n verwysing in sy werke nie.*

Daar is heelwat herhaling van vorige gedagtes in hoofstuk 4, daarom sal hier en in die volgende hoofstukke net gekyk word na sake wat nog nie aangeraak is nie. Sommige verse sal dus oorgeslaan word of net in kort na verwys word.

Eers net oor die begin van Hfst 4: Wysheid word weer voorgehou as iets wat ernstig nagejaag moet word. Salomo het reeds uit sy eie wysheid gepraat en toe het hy Wysheid self laat praat. Nou kom hy met wysheid wat sy vader hom geleer het. Die verwysings na Dawid se woorde aan sy seun word hierna gegee. Lees dit gerus. Weereens is die hoofsaak *onderrig*, in die sin van die *dissipline* wat ouers by hulle kinders wil wek.

Lees (by **4:3** veral) Dawid se woorde in 1 Kron 28:5 en dan in 1 Kron 22:9. By **4:18** moet weer gekyk word na 2 Sam 23:4.

4:1. Julle seuns – Nou word nie net een kind aangespreek nie, maar die doel van Spreuke kom na vore: Dit is vir *almal* bedoel, en veral vir jonges, wie se insig nog beperk is.

Die vader – Eintlik: " **`n** vader." Luister na een wat meer insig en ondervinding het. Dit is woorde wat in Ps 34:12 (van Dawid) gevind word: "Kom, kinders, luister na my; ek wil julle die vrees van die HERE leer." So word die band met Dawid, as "my vader", nog sterker gebind. Die vroom Israeliet sou uit sy kennis van die Skrif hierdie Psalm ken.

Om `n ouer se raad in die wind te slaan, is `n dieptepunt van ondankbaarheid en vervallenheid. In die wette wat God aan Moses gegee het, moes die kind wat so ver val, uit Israel *uitgeroei* word, om die volk suiwer op God se spoor te hou ! Die leer van die gelowige ouer word dus verbind met die gebod van ons *hemelse* Vader (Vyfde Gebod).

4:2. Die werkwoords-tyd van "ek gee" is in Hebreeus weer `n woordgebruik wat dui op die *voortduur* van die aksie: Hierdie lering is nie net in die verlede gegee nie, maar die uitwerking daar van hou aan. Die eise hierin bly vasstaan.

4:3-4. Het hy my geleer – God het vooraf al aan Dawid hierdie seun belowe (1Kron 22:9 – "Kyk, `n seun sal vir jou gebore word; hý sal `n man van rus wees . . . want Salomo sal sy naam wees, en **vrede** en rus sal Ek oor Israel in sy dae gee." [Salomo kom van die woord *sjaloom,* "vrede", en dit is een van die seënige wat Salomo sê wat uit die wysheid kom.] Verbind hierdie woorde ook met wat Dawid van Salomo gesê het, 1 Kron 28:5 – "En uit al my seuns . . . het Hy my seun Salomo verkies om te sit op die troon van die koningskap van die HERE oor Israel."

My moeder – Die plek van Salomo se moeder Batseba word erken, en daarmee alle vroue se belangrike rol in die opvoeding van hulle kinders.

Vashou - Die vashou van hierdie woorde beteken dat daarop ag gegee moet word en dat daarvolgens gelewe word. **Lewe –** Weereens word *volheid* van lewe belowe: Jy sal `n lewe van betekenis *voor die HERE* verkry.

4:5-6. Verkry wysheid – "Verkry" beteken hier "om te koop", soos in **Spr 23:23** – "Koop waarheid en verkoop dit nie, *ook* wysheid en tug en verstand." Wysheid is meer werd as kosbare juwele. Gee dit liewer prys vir wysheid.

Verlaat dit nie – Laat die wysheid nie deur vergeetagtigheid agter nie, draai nie weg daarvan nie.

4:7. Dit is al wysheid om wysheid te verwerf – **"die beginsel"** daarvan. **Verwerf –** Weer is die gedagte dat jy dit moet koop . . . bie daarop soos iemand wat `n artikel *wil* verkry. Ons verwys weer na Mat 13:44 oor die man wat `n skat in die saailand gekry het, waar Jesus die man se *blydskap* noem om dit te bekom. In Luk 10:42 prys Jesus Maria se dors na die Woord: "Maria het die goeie deel uitgekies wat van haar nie weggeneem sal word nie."

Word vervolg

HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-

1 Des 1834– Slawe aan die Kaap vry verklaar; *1 Des 2007*– Elisabeth Eybers oorlede; *2 Des 1836*– Eerste volksraad in Vrystaat verkies; *3 Des 1967*– Dr. Chris Barnard doen eerste hartoorplanting; *5 Des 1894*- Pres (adv.) CR Swart gebore; *6 Des 1823*– Pres JH Brand gebore; *7 Des 1799*– Hans (Dons) de Lange bekende voorvegter by Bloedrivier gebore– Hy was ook skoonseun van Piet Retief; *7 Des 1885*– Ned. Herv. Kerk en NG Kerk herenig om een kerkverband te vorm. In 1892 het dit geblyk die vereniging het misluk. *7 Des 1912*– Genl. JBM Hertzog hou sy waterskeidings toespraak—*Zuid-Afrika eerste*– Dit lei direk tot stigting van die Nasionale Party daarna; *8 Des 1914*– Genl. CF. Beyers verdrink in Vaalrivier– vermoedelik na 'n hartverlamming– Jan Pieterse wat gepoog het om Beyers te red het toe ook verdrink; *8 Des 1939*– Reddingsdaadbond word gestig om Afrikaner uit ellende te help; *9 Des 1838*– Die Gelofte word die eerste keer afgelê wat sou word die Bloedrivier gelofte; *9 Des 1881*– Pres TF Burgers oorlede; *16 Des 1838*– Slag van Bloedrivier; *16 Des 1852*– Genl. AH Potgieter oorlede; *16 Des 1880*– Begin van Eerste Vryheidsoorlog; *19 Des 1792*– Genl. AH Potgieter gebore;

BEROEPENUUS EN KERKE NUUS— (verlede Sondag is hierdie uitgelaat– geen nuwe nuus ontvang)

Beroepe aanvaar-

Dr. Hennie Goede van Vereeniging na Meyerspark
Ds. JL (Jan-Louis) Lee van Bothaville na Pietersburg-Noord

Beroepe bedank

Ds. RA (Ronald) Bain van Cachet na Postmasburg
Dr. AJ (Albert) Coetsee van Uitschot na Boksburg-Suid
Ds. PW (Pieter) Kurpershoek) van Middelburg (Tvl.) na Bloemfontein-Suid
Ds. SP (Sarel) Venter van Pietersburg na Nylstroom

Ds. AH Louw (Manie) is op 26 Nov. 2014 oorlede. Ons dink aan sy dierbares.

*GOD SE WIL EN ONS WIL (***vervolg)** - deur PR Baas

Hoe dit in die Dordtse Leerreëls opgeteken staan....

III/IV, 11

'Wanneer God sy welbehae in die uitverkorenes tot uitvoering bring en die ware bekering in hulle werk, laat Hy die evangelie nie net uiterlik aan hulle verkondig nie. Hy verlig ook nie net hulle verstand kragtig deur die Heilige Gees, om die dinge van die Gees van God reg te verstaan en te onderskei nie. Maar deur die kragtige werking van dieselfde Gees, wat die wedergeboorte skenk, dring Hy ook deur tot in die binneste dele van die mens, open Hy die geslote hart, versag Hy wat hard is, en besny Hy wat onbesnede is. In die wil stort Hy nuwe eienskappe in en maak die wil, wat dood was, lewend; wat sleg was, goed; wat onwillig was, gewillig en wat ongehoorsaam was, gehoorsaam. Hy beweeg en versterk die wil sodat dit, soos 'n goeie boom, vrugte van goeie werke kan dra.'

III/IV, 12

'Dan word die wil, wat nou vernuwe is, nie alleen deur God gedryf en beweeg nie, maar omdat dit deur God gedryf word, werk dit ook self. Daarom word ook tereg gesê dat die mens, deur die genade wat hy ontvang het, glo en hom bekeer.'

III/IV, 16

'Daarom werk hierdie Goddelike genade van die wedergeboorte nie in die mense asof hulle stokke en blokke is nie; ook vernietig dit nie die wil en sy eienskappe nie en dwing dit nie met geweld teen sy sin nie. Die genade maak die wil geestelik lewend, genees, verbeter en buig dit tegelykertyd lieflik en kragtig. Terwyl sondige opstandigheid en verset dit vroeër volkome oorheers het, begin 'n gewillige en opregte gehoorsaamheid aan die Gees nou die oorhand daaroor kry. Hierin lê die ware en geestelike vernuwing en die vryheid van ons wil."

V, 14

'Dit het God behaag om sy genadewerk deur middel van die verkondiging van die evangelie in ons te begin. So bewaar Hy dit, sit Hy dit voort en voleindig Hy dit deur die aanhoor, dielees en die oordenking van die evangelie, deur die aansporing, vermanings en beloftes daarin en ook deur die gebruik van die heilige sakramente.' SLOT

15/12– Koos Venter 0823615433	18/12— Diederik Von Stade 0840744498
17/12– Mineze Grobler 0848238180	19/12– Esmé Coetzee 0823615433
	*Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur * 80 jaar en ouer*

Baie geluk met u verjaarsdag!

Die skelmste hond het genoeg regsgevoel om sy besit van die gesteelde been te verdedig – CJ Langenhoven